

Skriflesing: Markus 8: 10 – 21

Teksvers: Markus 8: 15

Hervorming – laat ons nie die feite onthou maar die lesse vergeet nie.

31 Oktober 1517 het die sg. *kerkhervorming van die 16de eeu* 'n beginpunt gegee. Nou kan 'n mens seker die geskiedenis van die Hervorming in besonderhede nagaan en weer so voor die kosbaarhede van hierdie besondere bemoeienis van God met sy kerk te staan kom. Nee, eerder gaan van die standpunt uitgegaan word dat die huidige kerk al die kosbaarhede van hierdie gebeurtenis in sy “kerkwees” met hom saamdra en dit dan toepas.

1. Die agtergrond van Markus 8 (verse 10 – 21)

Die invalshoek vir die verstaan van hierdie gedeelte lê in die eerste paar verse van die gesprek van die Fariseërs en Christus. Die Fariseërs vra vir 'n teken en dan baie spesifiek vir 'n teken uit die hemel. Christus sug en weier om aan hulle 'n teken te gee. Die “sug” natuurlik vanweë die Fariseërs se onwilligheid *om die waarheid te aanvaar dat Hy die Seun van God was*. Dan volg die besondere simboliese handeling van Christus: “*En Hy het hulle verlaat en weer in die skuit geklim en na die oorkant gegaan*”. Hierdeur het Christus openbaar dat Hy hulle, die Fariseërs agterlaat – Hy is klaar met hulle, hulle ongeloof sou Hy nie toelaat om Hom aan bande lê nie. Dan volg die gesprek op die skuit.

2. Die waarskuwing van Markus 8 (verse 10 – 21)

Christus se woorde: “*Pas op, wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en die suurdeeg van Herodus*”. Die beeld wat Jesus hier gebruik, is die van suurdeeg. Suurdeeg, veral vanuit die OT, was onder sekere omstandighede die simbool van *stadige verspreidende kwaad*. Christus vergelyk die Fariseërs en Herodus en sy volgelingen, die Herodiane, met suurdeeg. Hulle is soos 'n suurdeeg wat 'n hele brood deursuur, hulle sieninge, hulle lewenswyse is soos 'n stadige verspreidende kwaad. Nou sê Christus: Pasop vir hierdie stadige verspreidende kwaad van die Fariseërs en die Herodiane. Waarom was dit so gevaarlik? Omdat dit die oë toegemaak het vir die werklike openbaring van God. Die Fariseërs en die Herodiane – hulle het die feite aangaande Christus geken, maar die betekenis, die lesse daarvan het hulle nie verstaan nie. Dit is wat die dissipels gedoen het met hierdie brood-storie – hulle het die feite onthou maar die lesse vergeet.

3. Die toepassing van Markus 8 (verse 10 – 21)

Met die Hervorming, die Riformasie, die waarskuwing om nie die feite te onthou en die lesse te vergeet nie, die feite soos Luther, Calvin, die Sinode van Dordrecht, om 'n paar dinge te noem. Met hierdie feite kan nie gestop word wanneer die oor die Hervorming gaan nie, want dit sou dalk kon beteken dat die feite wel onthou word maar die lesse vergeet word. Om te verduidelik: *Solank alles net gereformeer is, dikwels volgens “eie oordeel”, dan is alles nog reg met die kerk*. Wat egter onthou moet word is dat met die Reformasie, die Hervorming, die kerk se deure, maar ook die Skrif vir die gelowige oopgegaan het. Duidelik die verkondigingsinhoud: *Christus die enigste Verlosser vir die sondaarmens*. Laat ons dit as die gevolg van die Hervorming die wêreld indra sodat die getal van uitverkorenes vol kan word en ons Verlosser op die wolke kan kom.